# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

30 Januarie 2026 Uitgawe: 3/1/2026

## UIT DIE KANTOOR

Baie dankie aan alle Tjokkies en hulle ouers wat verlede Sondag die Tjokkie Kerkdiens by die Universitas Geloofsentrum bygewoon het. Dit was lekker om ons leerders in hul skoolklere daar te kon sien. Ons maak beslis volgende jaar weer so.

**BL Tussenverkiesing**

Baie dankie aan die 137 ouers wat hul stemme uitgebring het vir die BL-tussenverkiesing. Ongelukkig het ons nie die voldoende kworum vir die verkiesing bereik nie en word die proses **eerskomende Dinsdag, 3 Februarie herhaal**. Om die verkiesing vir ouers makliker te maak, sal daar hierdie keer twee stemstasies wees. Ouers kan dus kom stem in die voorportaal van die skool asook by die stasie onder die dak by die snoepie. Hierdie punte sal vanaf 7:00 tot 14:00 beskikbaar wees vir stemming. Vir u gerief heg ons net weer die CV's van die twee genomineerde kandidate aan. Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

**2027 Aansoeke:**

Aansoek vir toelating by beide die primêre skool en die kleuterskool open Sondag, 1 Februarie. **LET ASB. DAAROP DAT LEERDERS WAT REEDS TOELATING BY GR.R HET, NIE WEER HOEF AANSOEK TE DOEN VIR GR.1 NIE. SLEGS BUITE AANSOEKE IS NODIG.**

Aansoeke vir die kleuterskool word aanlyn gedoen. Die skakel wat hiervoor gebruik moet word, is op die webblad beskikbaar. Dit sluit aansoeke in vir Gr. RR en Gr. R. U sal ook opmerk dat die ouderdom vir aansoeke vir Gr. RR aangepas is vir leerders wat van Januarie tot Desember 5 jaar oud word. Kontak gerus Klein Tjokkies by preprim@tjokkies.co.za indien u enige navrae het. Vir toelating in die Primêre Skool verwys ek belangstellendes na die skool se webblad www.tjokkies.co.za vir meer inligting.

**Skoolgelde:**
Ouers wat wil aansoek doen vir korting en kwytskelding moet daarop let dat die sluitingsdatum vir aansoeke reeds 2 Februarie is. Aansoekvorms met die nodige ondersteunende dokumente moet by mev. Beaulah du Plessis ingehandig word. Kontak haar gerus by beaulah@tjokkies.co.za indien u 'n aansoekvorm benodig.

Februarie is ook die eerste maand van die jaar wat skoolgeld gehef word. U het reeds einde verlede jaar die nuwe skoolgelde vir 2026 ontvang. Skoolgeld is as volg:

**SKOOLGELD**

| | | |
|---|---|---|
| Eenmalig (betaalbaar voor 1 Mrt) | - | R19,190.00 |
| EFT betalings per maand | - | R 1,910.00 |
| Debietorder per maand | - | R 1,760.00 |

**MIDDAGSTUDIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eenmalig (betaalbaar voor 1 Mrt) | - | R 6,490.00 |
| Per kwartaal | - | R 1,623.00 |
| Per maand | - | R 590.00 |

Ek rig 'n vriendelike versoek aan ouers om gereeld en getrou hul skoolgeld te betaal. Ongelukkig kan die skool nie ten volle funksioneer as ons nie al ons finansiële verantwoordelikhede kan nakom nie. Baie dankie aan die ouers wat reeds hul 2026 skoolgeld vooruit betaal het. Dit vergemaklik die kontantvloei van die skool geweldig.

**Sport- en Kultuur-ouerinligtingsaand**
Die sport inligtingsvergadering het Woensdagaand plaasgevind. Heelwat inligting is gedeel rakende die komende seisoen. Indien u nie die vergadering kon bywoon nie en graag van die inligting wil bekom wat bespreek is, moet u asb. die betrokke aktiwiteitshoof of mnr. Riaan Bosch kontak.

Op die kalender is ook voorsiening gemaak vir 'n Kultuur-inligtingsvergadering. Dit vind eerskomende Maandagaand, 2 Februarie om 18:00 in die saal plaas. Die opkoms was verlede jaar swak en daarom moedig ons ouers aan om ook hierdie vergadering by te woon. Vanjaar is weer kunswedstryd en heelwat inligting word bespreek. Die ritmegroep het ook vanjaar 'n nuwe baadjie aangetrek. As u meer wil uitvind van hierdie en ander sake, nooi ek u uit om dit te kom bywoon.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 30 Jan.: | Tjokkies Kleurgala |
| | Gr. 4-7 Redenaarsopleiding |
| 31 Jan.: | o/11 & O/13 Rugbyproewe |
| 2-5 Febr.: | GSF Kooroudisies (Gr. 2-3) |
| 2 Febr.: | Gr.1 Inwydingseremonie |
| | o/9 Krieketliga |
| | Kultuurvergadering (18:00) |
| 3 Febr.: | o/11 Krieketliga |
| 4 Febr.: | o/11 Krieketliga |
| 5 Febr.: | KS verjaarsdag en Ken-mekaar-piekniek |
| | o/13 Krieketliga |
| 6-7 Febr.: | SNR Koorkamp |
| | Tennisuitspele |


# ANDER

**Personeelsake**

Die skool verwelkom graag mev. Annalene Venter wat aangestel is in die Gr.5 Afrikaanse pos. Mev. Venter sal Maandag by ons aansluit. Ons vertrou dat sy sommer vinnig sal inskakel en deel sal raak van die Tjokkie-familie.

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 2 Febr.: | Mnr. Jayden Weideman (Ass) |
| 4 Febr.: | Mnr. Hennie Botha (Adjunkhoof) |
| | Juf. Carina Kriel (Gr. 7) |



# FINANSIES

**Debietorders**

Neem asseblief kennis dat die debietorders van 1 Februarie eers op die 2de van u bankrekening verhaal sal word, aangesien die 1ste op 'n Sondag is. Ouers wat nog nie 'n debietorder in plek het nie, is steeds welkom om 'n debietorder vorm te voltooi en te stuur aan daleen@tjokkies.co.za.

Indien u 'n bestaande debietorder het en daar is enige besonderhede wat moet verander en/of kinders wat bygevoeg moet word, moet u asseblief 'n nuwe vorm voltooi en aan die finansiële kantoor stuur.

# KLEUTERSKOOL



# REVUE

**Revue-oudisies:**

Dinsdag, 3 Februarie 2026 in die skoolsaal.

Begin om 15h30 tot afgehandel.

Leerders wat belangstel het briewe ontvang.

# MAMMAS WAT BID

**'n Gebed vir rigting**

Spreuke 3:5 Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. 6Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

"Here, wys my die pad — selfs wanneer ek nie die kaart verstaan nie."

Die nuwe jaar staan nog skoon en oop, maar dis 'n misleidende stilte. Want saam met die kalenderblaai kom die vrae: Wat nou? Watter pad? Wat los ek, wat hou ek vas? Spreuke 3 sê nie vir ons om slim te beplan en dán vir God te vra om dit te seën nie. Nee. Dit draai die volgorde om. Vertrou op die Here met jou hele hart. Nie halfpad nie. Nie net Sondae nie. Hele hart. Al die onsekerheid ingesluit.

Ons is nie die kaptein van die skip nie. God is. En dis goeie nuus. Want ons insig is beperk, ons perspektief kort, ons emosies soms luidrugtig en onbetroubaar. Die teks sê: Moenie op jou eie insig steun nie. Dis nie 'n belediging nie — dis 'n verligting. Jy hoef nie alles uit te "figure" nie. Jy hoef net te erken.

God belowe nie 'n volledige kaart nie; Hy belowe rigting. Hy sal jou paaie gelyk maak. Nie noodwendig maklik nie, maar reg. Dis onderskeiding bo spoed. Dis luister voor hardloop. Dis vra voordat jy besluit. Dis om jou werk, jou bediening, jou gesin doelbewus onder God se heerskappy te plaas — nie as 'n bykomstigheid nie, maar as fondament.

So bid ons vandag nie: "Here, gee my al die antwoorde," nie. Ons bid: "Here, lei my stap vir stap." Want geloof is nie om alles te sien nie. Geloof is om te loop, al sien jy net genoeg lig vir die volgende tree.

En dis genoeg. Vir vandag.

GEBED: Hemelse Vader bepaal asb. vandag my tree. Amen

(Boodskap geskryf deur Hettie Wessels)